

op en sê: „Maar kind, het jy dan nie gehoor, dat sy dood is nie? Sy is dan al vir twee jaar gelede op Rooiberg gesterwe en ons het jou daarvan geskrywe. Haar man is, soos jy wel weet, 'n rondtrekker en op sy swerftogte het hy op Rooiberg gekom en daar is arme Lenie skielik aan hartkwaal, soos ons hoor, dood. Waar hy nou in die wêreld is, weet ons nie. Maar het jy dan nooit my briewe ontvang nie?” „Nee Tante, vir twee jaar gelede het ek in Mier-se grond, anderkant die Grootrivier rondgetrek met my vee en daar in die ou wêreld gaan dit maar treurig met die pos. Weet Tante miskien waar Petrus Human woon?”

„O ja, hy woon nou teenswoordig in die Koup, maar nou dat jy van hom praat, ons het gehoor dat hy ook met sy trek op Rooiberg was, toe Lenie dood is, en dat hy een van haar kindertjies aangeneem het.”

„My plan was gou klaar en veertien dae daarna was ek by Human. Sonder hulle aanleiding te gee, het sy bure my self vertel hoe sleg Human se vrou met 'n aangename weeskindjie werk. Dit kon ek egter self aan Hannietjie sien. Sy was die hout- en waterdraer en daarby só vuil en ellendig gekleed, dat my hart ineengekrimp het van jammerte. Die vrou wou Hannietjie nogal nie aan my afstaan nie. Ek was later verplig om haar my ontmoeting op Rooiberg te vertel. Sy word toe doodsbleek en baie verleë en toe het ek die saak gou gewin.

„Op my terugtog het ek weer op Rooiberg uitgespan en toe het ek en arme Hannietjie op haar mame se graf 'n kransie van sewejaartjies gelê en die klippe mooi reg gepak. Met betraande ogies vra Hannietjie toe: „Oompie, sal Mammie nou weet dat ons by haar graf werk?”

„Ja my kind," antwoord ek haar, „sy weet dit seker, want die moederhart, het ek nou eers geleer, klop vir haar kinders selfs na die dood."

Tot sover die WARE verhaal van oom Sarel. Alle persone, wat in hierdie verhaal voorkom, behalwe die ou tante van oom Sarel en Petrus Human en sy vrou, lewe vandag nog.



XII.

Klagtes van 'n Transportdonkie.

Ek sal die dag nooit vergeet nie. Nee, ek kan die dag nooit vergeet nie solank as my naam donkie is. Dis wonderlik, ja baie wonderlik, maar alles wat vóór daardie onvergeetlike dag gebeur het, weet ek nou glad niks meer van nie. Ja, ek weet nie eens waar en wanneer ek gebore is nie; ek weet niet hoe en onder watter omstandighede ek gelewe het tot op daardie dag nie. Net van daardie dag af weet ek van alles wat met my, by my en rondom my gebeur. Die mens sê: „'n Donkie is 'n stomme dier sonder verstand." Dis nie waar nie, want die gebeurtenisse van dié dag, waarvan ek nou wil vertel, het my verstand só losgeskud, dat ek van dié dag af tot nou toe, die volle bitterheid en byna onoorkoomlike moeilikhede van die lewe nog altyd heel goed beseft en verstaan het.

Maar, ek wil van die onvergeetlike dag vertel. Dit was 'n brandend hete dag en die sestien donkies, waaronder ook my arme moeder, moes beurt dat dit kraak om die tammaie transportwa, waarop negosie van iets oor die seweduisend pond gewig gepak is, op die pad van Eendekuilstasie na Nuwefontein voort te sleep. Dit het maar stadiggies en voetjie vir voetjie gegaan, want die pad was swaar en die sestien donkies, my eie ou nasie, al byna kapot en uitgeput. Eindelik egter,

kom daar so'n bietjie verligting waar die pad by 'n harde heuweltjie afloop; die wa begin so half van self te rol en die ou arme „asbekke“, soos die mens my ounasie soms noem, kon wat asem skep. Met die asemskeppery raak die trektou slap en begin met swingels en al op die grond te sleep. Opeens hoor ek die transportryer skree: „Tieties, Tieties! Draai aan die briek, ou Geelbek het met sy regtervoet oor die swingel getrap.“

Spoedig was die briek vasgedraai, en toe die wa onder in die laagtetjie tot stilstand kom, word die voet van ou „Geelbek“, my arme ou mame, agter die kort swingel uitgehaal. Maar. . . „ou Geelbek“ se blad het só seer gekry dat sy hoegenaamd nie op haar voet kon trap nie. 'n Paar harde rapse met die donkieplaks help ook niks: „Ou Geelbek“ is, sonder om figuurlik te praat nou poot-uit en 'n ander plan moet beraam word, want net „ou Geelbek“ kan eenvoudig nie verder trek nie.

„Maar, alle wêreld!“ roep die transportryer nou uit, „ek het glad vergeet, bring hierdie jong donkie; hy is verbrands mos al groot genoeg om ingespan te word.“ Spoedig moes ek uitvind dat ek self die „jong donkie“ was, want voor ek nog reg weet, wat aan die gang was gryp Tieties my met die een hand aan die oor en met die ander aan die onderlip en sleep my met rukke en skoppe na die tuig toe, wat hulle gewoonlik donkie-seiltjie noem. Die affêre het my glad nie aangestaan nie en so begin ek dus te protesteer deur agteruit te rem. Maar hierdie remmery het my net 'n lelike naam besorg, want toe gryp Jan Jorie, die transportryer my aan die oor: „Alle wêreld, remskoen van 'n donkie, ek sal jou die agteruittremmery afleer.“ Daarop begin

hy my met die dik donkieplaks „uit te vreet" en „uit te dons" en „af te water" en „af te stof" dat ek verplig was om maar voorwaarts te spring. Vir 'n donkie, 'n transportdonkie is daar mos nooit genade nie. As 'n perd of os of ander trekdier geleer word, sê die mens altyd: „Wag, werk maar eers versigtig en mooi, want die dier is mos nog ongeleerd." Maar, die transportdonkie word nie geleer nie. O nee, hy word, vir die eerste maal in sy lewe tuig-toe gesleep en geskop, „seiltjie" oor die kop gestroop, nekkeband om die keel gegésper en dan met die afskuwelike plaks „uitgewiks" en uitgeklop tot hy voorwaarts beur.

Omdat ek eers agteruitgebeur het, het Jan Jorie my Remskoene genoem. Hierdie ellendige naam het ek behou, en vandag nog klink dit in my ore: „Toemaar Remskoene, kapaks', toemaar!"

„Kapaks" is die klank wat die moordtuig van 'n plaks maak wanneer hy in aanraking kom met my arme liggaam, wat tog ook uit vleis en bloed bestaan, hoewel ek dit ten sterkste betwyfel of die transportryer dit weet.

Die onvergeetlike dag, toe my martelaarskap begin het, was ook die laaste dag waarop ek my arme ou moeder gesien het. Jan Jorie het haar by die laagtetjie agtergelaat; later het hy haar weer laat soek, maar sy het nooit weer uitgekom nie. Sy is natuurlik langs daardie ou dorre en droë pad dood van honger en dors en haar ou bene lê nou stellig daar in die ou kaal woestyn.

Sy is dus gelukkig, want 'n transportdonkie wat dood is, is daar duisendmaal beter aan toe as sulke armsalige Remskoene soos ek, wat nog lewe. Ja, sy is

eintlik meer as duisendmaal gelukkiger. Immers, sy hoef nie meer die transportwa deur T'knonnes se lap sandduine te sleep nie. Op die hele wêreld is niks so swaar soos hierdie duine nie. So ver as die seiltjie my voor my bors en langs my ribbes raakvat is my arme ou gaargeslaande vel kaal geskawe sonder een haartjie. Dit het ek aan die duine van T'knonnes te danke. By hierdie duine moet jy jou dood, ek het amper gesê morsdood, beur, en hier word die plaks ook meer as ooit gebruik en hier lê ook al taamlik donkiegeraamtes.

Net die eerste dag wat ek in die tuig kom, moes ons die eerste en swaarste duine van T'knonnes oor. By die eerste duin het ek van vermoeidheid gebewe soos 'n riet; by die tweede het ek byna flou geword maar by die derde het my keelgat begin te fluit tot ek later. . . . niks meer sien, hoor of voel nie.

My ou moeder is verder nou ook nog gelukkiger, omdat sy tog nou nie meer die treurige Knegsvlakte van die ou Boesmanland behoef te deurkruisnie. Die Knegsvlakte en die ou dor rantveld van Kaboes het maar nooit water of weiveld nie, en die donkie, wat nie bestand is om deur hierdie ou wêreld ses lang en harde skofte, sonder byna te rus, af te trek nie, is 'n kind of donkie des doods. By elke uitspanning is niks te sien nie dan die kaal onafsienbare vlaktes met hier en daar 'n boesmandruiwepolletjie of vyebossie. Die boesmandruiwe kan natuurlik g'n sterfling — ook selfs die transportdonkie, wat goed is vir al wat sleg is — vreet nie. Dus, daar bly dan net die ou vyebossie oor en die is ook dikwels niks anders nie as 'n paar uitgedroogde stokkies op 'n nog uitgedroogder stompie. In die

Knegsvlakte en in die rantveld van Kaboes is hierdie vyebosstokkies die „brekfis" en die middag-ete en die aand-ete van die transportdonkie van Jan Jorie.

As osse of perde 'n transportwa deur hierdie ou wêreld moet trek, sal hulle kaf en koring of ander goeie voer moet kry, want die skofte is baie lank en swaar. Maar 'n donkie? „Die donkie is 'n goedkoop trekdier en hy kan maar so klaar kom," sê Jan Jorie, en daar is baie Jan Jories op die wêreld.

Ja, dis ook al gunstige woord wat die transportryer vir die arme donkie oor het: hy 's 'n goedkoop trekdier. Maar juis hierdie woorde is ook die donkie se doodsteek, want omdat hy die naam van goedkoop trekdier dra, word hy slegter behandel as ander trekdiere.

Met my, arme Remskoën, het dit tot sover maar ellendig gegaan. Goeie voer soos hawer, gars of koring, ken ek nie. Ja, ek het darem al 'n paar maal die vreugde gesmaak om te sien hoe heerlijk perde by 'n krib staan en smul. Ek is dus 'n baie goedkoop trekdier, ja, en al onkoste wat Jan Jorie al met my gehad het was, om al tweemaal stroke beesvel te koop om daarmee vir my nuwe plakse te maak! En, ek hoor vandag nog, soos ek al reeds gesê het, hoe daardie plakse op my ou stomme vel kapaks, kapaks, van die môre tot die aand.

Eens op 'n dag moes ons weer, ek en my vyftien maters, die ou wa van Jan Jorie oor die duine van T'knonnes sleep.

Toe ons by die gevreesde, derde duin kom, ontmoet ons daar 'n ander transportwa wat daar in die stand vas sit. Spoedig maak die transportryers die plan om

eers een wa oor die duin te bring en dan weer die ander ook oor te help. Maar hoe het hulle dit gedaan? Het hulle die twee spanne donkies eers voor een wa gespan om sodoende makliker oor die duin te kom? O nee, glad niks daarvan nie.

By die wa wat vasgesit het, was drie man, elkeen voorsien met 'n dik plaks en hulle drie het eenvoudig kom aansluit met hulle plakse by die wa van Jan Jorie. Daar hier by die wa reeds twee plakse was, kon nou vyf van die soort van „donkie-skrikmakers” aan die „helpery” deelneem. Jan Jorie wys nou eers aan elke man waar hy moet gaan staan en watter donkies onder sy plakse moet deurloop. Daarop volg toe 'n oorverdowende lawaai. Dit klink toe: „Haait, pak hom — pak hom, kapaks, flaps, toemaar, Remskoën, heeit, kapaks, kapaks, Dapper, Duiker, haait, heeit, huut, toemaar, kapaks, kapaks!!”

Hierdie klanke is egter net deur een man en sy plakse voortgebring. Dis onmoontlik om die hele lawaai te beskryf. Dis ook gans ondenkbaar om iemand ook maar enigsins 'n idee te gee van wat die „dingdonkie” die dag deurgestaan het.

Eintlik was die waens tog altwee die duin oor en kon die arme „aitjarre” of „aidonne”, soos Jan Jorie donkies noem, uitgespan word. As die arme „aidon” so swaar gebeur het en die seiltjie word van sy voorlyf afgetrek, dan voel dit wel of hy 'n galg, waar hy so wurg-wurg met niks anders as met die dood geworstel het, afgehaal word.

En dan gebeur dit ook nog dikwels dat hy by so'n nare gevoel niks eens kry om sy inwendige mens (of sal ek sê donkie?) te versorg nie. Dit was ook die

geval die dag wat ek laas van gepraat het. Ja, ons het selfs die dag nie eens behoorlik drinkwater gekry nie, want dit was op Saus wat Jan Jorie en sy maats ons uitgespan het, en — wie ken nie die slegte water van Saus nie? Dis mos nie water nie. Dis mos 'n soort vloeistof wat jou aan pekel, kasterolie, jalap en enige iets anders herinner behalwe aan water! Selfs die „aidon" — die armoedigste dier van die wêreld — word daarvan mislik!

Dan durf Jan Jorie nog sê: „Alle wêreld, maar die verbrande aidonne is weer vandag nukkerig en koppig; kyk dan, hulle wil mos glad nie suip nie; maar dis niks, laat hulle dan maar staan."

Ja, goeie Hemel! so het ons, arme ou veragte en miskende „aidonne", dikwels gestaan en gestaan tot ons maar weer aangekeer word tuig-toe.

Ek het al baie van my ou nasie so sien staan, moedeloos, uitgeput, afgemat en radeloos. Daar is seker maar min mense in die ou Boesmanland wat nog nie 'n moedelose en afgemartelde transportdonkie sien staan het nie. As jy hom eenmaal sien staan het, onthou jy hom jou hele lewe lank.

Sy ou lang ore, sy stert, sy ou uitgedroogde heupbene, sy ronde onskuldige oë, die kaal strepe om sy bors, die spore van die plaks op sy ribbes, die ou benige kop wat te swaar lyk vir die nek, sy treurige houding — alles, maak so 'n diep indruk op die toeskouer dat dit maar swaar gaan om hom — die eenvoudige ou transportdonkie — te vergeet.

Die dag, wat Jan Jorie my vir die eerste maal ingespan het, het ek die onvergeetlike dag van my lewe genoem. Die dag was nie alleen die begin van al my

smarte nie maar op die dag het ek ook vir die eerste maal 'n transportdonkie, wat afgeleef en lewensmoeg is, sien staan, en — dit was ou Geelbek, my ou moeder.

Ek staan nou vandag soos sy daardie dag gestaan het. Ek is nou ook 'n dier wat van ondervinding kan praat. Maar, hoe treurig en bitter is die ondervinding? As al wat mens en dier is, moes deurstaan en ondervind wat ek en alle transportdonkies moes deurstaan, sou natuurlik nog net ons, wat transportdonkies is, gelewe het.

Dit is goed te begryp, want selfs Jan Jorie, wat van 'n donkie niks goeds wil weet nie, is verplig om saam met alle ander mense te erken, dat die donkie die taaiste dier op die wêreld is, en dit vereis net die taaiste diere van die wêreld om deur te staan wat ons deurstaan en dan nog aan lewe bly.

Hierdie taaiheid is die ongeluk van menige transportdonkie, want, hy moes al van „swaarkry” lankal dood gewees het, maar omdat hy so taai is, bly hy nog voortlewe. Vandaar dat ek al menige ou afgeleefde en afgedankte transportdonkie sien ronddwaal het soos 'n gees wat uit die dode opgestaan is. Jy kan goed sien: hy behoort al aan 'n ander wêreld en tog stap hy nog op hierdie wêreld so „kraak-kraak” rond! Ek ken 'n ou ampgenoot, ou Houmoed, die ou afgedankte transportdonkie van Klaas Doedel; hy is alte lelik om te lewe maar te taai om te dood. As ek tog maar binnekort ook nie onder sulke omstandighede verkeer nie; as ek tog maar . . . bytyds doodgaan.”

Tot sover die klagtes en gekerm van ou Remskoën. Hieronder volg nou hoe hy die wêreld verlaat het:

Dis byna vyftien jaar vandag,
 Dat Remskoën wat nou daar so staan,
 Moes vastrap voor transportwawrag,
 Maar nou is dit met hom gedaan:
 Hy het geval en die ou wa,
 Het gou daaroor sy been gerol,
 Toe lag sy Baas en sê net: „Ja,
 Ek sal met Remskoën nou nie lol;
 Ek sal hom halter afhaal hier,
 Want donkies het ek mos genoeg;
 Wat traak my dit met so 'n dier,
 Ek is ook reeds vir hom al moeg.”
 Daar staan ou Remskoën nou alleen,
 Sy been is af, hy kan nie loop, —
 Geen kos of water om hom heen,
 Een donkie dus gans sonder hoop!

Dis nou alreeds die derde dag,
 Dat Remskoën daar so treurig staan,
 Kompleet of hy op hulp nog wag,
 Maar niemand sien hom vriendelik aan.
 Ou Remskoën is 'n donkie maar,
 Tog is ook hy van bloed en vlees,
 En dors en honger is voorwaar
 Daar op sy arme vel te lees;
 Sy ore hang eenvoudig neer;
 Sy kop skyn vir sy nek te swaar;
 Sy stert waai nou geen muggies meer:
 Dit lyk hy staan wel dood al daar!

Die vierde dag breek aan oplaas,
 Maar daar waar Remskoën gister staan,

Lê nou net slegs 'n droë aas,
Want dors en honger laat vergaan.

Die Baas van Remskoën gee nie om,
Net een ding maak hom opgeskeep:
Dat hy, as hy terug weer kom,
Die aas dalk van die pad moet sleep!

XIII.

Waarom so vroeg al?

Klein Sussie is dood! Eergisteragtermiddag, toe die ou son daar agter die klipkoppie wegsak, is ons onvergeetlike sus. . . . dood! Dood! — dit kan nie wees nie en tog is dit so. Kyk, dáár lê haar ou liggaampie roerloos onder die enigste laken van haar mammie.

Die ou ronde wangetjies, die sagte bloedrooi lippies en die ou vet handjies is nou yskoud, want Sussie, ons eie ou liefste Sussie, is nou dood, dood. . . .

Ons moet dit glo, maar ons kan nie. Dit het al eergister gebeur, maar God weet, ons is haar só gewend en ons het haar só lief, dat ons nie aan haar dood wil wen nie, kan wen nie.

Daar op die stoof staan nou nog haar twee ou ferweelskoentjies en daar, aan die stander van die tent, hang nou nog haar ou blou geruit-rokkie, wat sy aangehad het, toe dit gebeur het.

Ai, wat beteken tog die lewe op hierdie ou wêreld!

Sy was dan tog maar nog só jonk — net elf maande — en nou al weg, van ons af!

Wat sal arm oom Hendrik nou sê, as hy in die tronk die hartverskeurende boodskap kry:

„Sussie is nie meer nie; Sussie is dood en begrawe!”

Wat sal in die hart van die sterk gespierde Boes-

manlander omgaan, as hy nog boonop moet hoor hoe dit gebeur het? As Sussie deur siekte beswyk het, sal dit vir oom Hendrik seker draagliker wees, want ons swak sterflinge sien in siekte duideliker die Hand van die Heer. Maar ons Sussie is nie van siekte dood nie.

Gister het hier 'n medelydende en welopgevoede man gekom en hy het ons probeer troos. Hy het daardie ou veldstoeltjie gevat en langs tant Sannie gaan sit en vir haar gesê: „Tante, jou God is my God en jou volk is my volk en wat jy vir jou dierbare Afrikanervolk gister geoffer het, het ek vir 'n maand gelede ook geoffer. Sien tante hierdie rouband om my arm? Dis die routeken wat ek dra vir my enigste seun wat nou daar by Upington begrawe lê met 'n koeël deur die hart. So word hier in ons ou dierbare Suidafrika nou baie roubande gedra; so dra een van ons dapperste en dierbaarste generaals nou ook sy rouband. Sy naam hoef ek nie te noem nie, want die kleinste Afrikanerkind — ook hier in die ou veraf geleë Boesmanland — ken sy naam. So laat ons maar vandag die tekens van rou en dood met geduld dra, want uit die dood sal weer lewe gebore word; as ons ly en stry vir ons eie volk, doen ons dit vir ons eie bestaan en as ons dit doen vir ons eie bestaan — vir onself — met volhardende geduld en nooit verslappende moed nie, sal ons moet lewe en dan sal die offers van die arme Afrikanervrou en -man nie tevergeefs wees nie. — Sussie, die knoppie van Tante, is, soos ek hoor, op 'n wrede wyse gepluk, maar daar kan Tante seker van wees, dat sy nou in 'n beter plek verplant is.”

Tant Sannie het doodstil gesit solank die man gepraat het en toe hy klaar was met praat, het sy net

een lang en diep sug gegee wat ons deur die hart gesny het.

Van die oomblik af wat dit gebeur het, het sy nooit een woord geuiter nie, selfs nie eens gehuil nie.

Daar op die ou leuningstoel sit sy al van gisteragtermiddag af reg voor haar en uitkyk en gee net nou en dan 'n diep sug gevolg deur 'n yskoue snik, sonder een traan in haar oog.

Tant Sannie en oom Hendrik het al jarelank 'n kindjie van die Here begeer, en toe die Heer hulle, elf maande gelede, vir Sussie skenk, het tant Sannie gesê: „Kyk Hendrik, daar is nou die ou dingetjie wat ons al so lank van die Here gevra het; dit is ons present van God en dis ons enigste. Ons moet haar nou na ons al-twee noem; Hendrika Susanna”. Van die dag af het klein Sussie die ligstraal, die hoop, die lewe van tant Sannie en oom Hendrik gewees. En nou vandag sit tant Sannie daar op die ou leuningstoel sonder die ligstraaltjie. Haar skoot is leeg. Haar smart kan niemand voel nie....

Dit lyk ook of die vriendelike woorde van die man g'n indruk op haar maak nie. Dit lyk of tant Sannie niks hoor nie, niks sien nie, niks voel nie, aan niks dink nie: die skok was te groot vir haar sintuie.

My broer en ek woon al twee jaar by tant Sannie en oom Hendrik en ons het hulle net so lief as ons eie oorlede ouers, en klein Sussie het ons vir ons eie sustertjie gereken. Ons harte voel dus ook stukkend geskeur, maar wat beteken ons smart by die van daardie moeder?

Ons voel ons is magteloos om haar te troos. Ons kan nie eens mooi duidelik aan die man, wat hier gekom

het, vertel op watter treurige manier ons klein Sus die wêreld moes verlaat het nie. Soos ons hom dit wou vertel, kom trane en snikke ons verhinder. My broertjie het toe maar die man by die hand gevat en gesê: „Kom saam Oom.”

Sonder verder te praat lei hy toe die man na die ou klipkoppie wat omtrent vyfhonderd tree van ons huis af is. Die pad kom langs die voet van die koppie verby en gaan, net regoor die koppie, deur 'n diep knik.

By die knik gaan my broertjie opeens staan en sê: „Sien Oom hier? Dis ons waspoor.” Daarop, terwyl die traantjies weer oor sy wangetjies rol, wys hy met sy vinger daar na die oorkant se walletjie en sê: „En kyk nou daar Oom.”

Aan die ou waspoor en aan die bloedvlekke het die man toe gou verstaan dat ons met die wa ergens heen wou ry, maar dat ons by hierdie onvergeetlike knik 'n treurige ontmoeting gehad het en dat ons toe maar weer omgedraai het na ons arm ou staanplek toe, waar die koue, verstyfde lykie van Sussie nou lê.

Solank die man nog daar diep ingedagte staan en rondkyk, het my broertjie van die dryfsand in die knik met sy dubbele hand geskep en die vlekke toegewooi.

Toe hy klaar was, vra die man hom: „My kind, waar wou julle dan heen gery het?”

„Oom,” antwoord hij, „ons wou getrek het om nader by die trein te kom. Die poliesie het verlede jaar in Oktober vir oompie Hendrik en oom Jan Smit hier kom vang, om hulle by rebelle gewees het en ‚sediesie’ — soos hul dit noem — gepraat het. Oom Jan Smit het nou kort los gekom en met hom saam het oompie

Hendrik vir tant Sannie laat weet, dat sy vir hom in die tronk by Kimberley kan kom besoek en dat sy tog nie sonder klein Sussie moet kom nie. Tant Sannie wou toe vir ons met die trek by oom Japie gebring het. Oom Japie is naby die trein. Daarvandaan sou tant Sannie en.... en.... Sussie dan Kimberley-toe gegaan het. Oom Jan sê dis net oor die sediesie praat wat hulle nou nog vir oompie Hendrik daar hou."

„Kom my kind," sê die man, „toe vertel my nou asseblief, wat hier by die knikkie gebeur het."

Met herhaalde snikke en betraande ogies begin hy toe: „Sien Oom daardie erdman- of graitjegate? Daar was 'n klomp witkwas-graitjies. Hulle het regop gestaan en kyk na ons ou wa, soos mensies, toe ons hier aankom. Ek wou toe vir Sussie vat om hulle vir haar te wys, maar tant Sannie kom toe self vorentoe met... Sus in haar arms na die wa se voorkis, en sien Oom, toe... toe slaan die wa se voorstel net hier in die knik af met 'n ruk... met 'n ruk, my Oompie... en toe, Oompie... en toe..."

Verder kon hy nie kom nie. Dit was ook genoeg; die man het genoeg verstaan en 'n traan van medegevoel val ook oor sy wang. Hy het, kort vantevore, Sussie se lykie gesien en hy weet nou dat die wrede ysterbande van die wawiele Sussie se koppie — verpletter het.

Daarna vra die man met 'n bewerige stem: „Het julle al 'n doodkissie, my kind?"

„Ja Oom," antwoord my broertjie, „die doodkissie het ons self gemaak, want hier is g'n sterfling in die buurt nie; soos Oom miskien weet — die ou Boesmanland is wyd en dit gebeur baie, dat die Boere vér uitmekaar staan.

Die gereedskapkassie van oompie Hendrik het ons uitmekaar geslaan om daarvan 'n doodkissie te maak, maar toe was die plankies nog te min. Toe moes ons Sussie se eie ou kassetjie (wat ons haar altyd in rond gesleep het) ook uitmekaarslaan. Van die kassies se plankies het ons nou die doodkissie gemaak. Swart verf het ons ook nie gehad nie, maar tant Sannie het tog gelukkig nog 'n klompie swartsel gehad. Ons het toe maar die swartsel met asyn aangemaak en die kissie daarmee swart gesmeer. Die kissie is nou swart genoeg, maar 'n mens mag byna nie daaraan raak nie, dan gaan die swartsel sommer weer af. Maar Oom . . . ons het nie die hart nie om — vir Sussie in die kissie te sit nie."

„Stil nou maar, my kind," sê die man toe, „ek sal alleen vir Sussie in haar kissie gaan neerlê en ek sal self die draer wees, graf-toe, terwyl jy en jou broer vir tant Sannie agteraan lei; die lykstoet sal maar uit ons vier bestaan — nee, nie net uit ons vier nie, — die medelydende Jesus sal ook teenwoordig wees."

Ons kon nie vir tant Sannie van die graf af weg kry nie. Al ons mooipraat wou nie help nie. Haar bitter droefheid het haar aan die grond genael en dit het gelyk of sy ons nie eens hoor praat nie. Toe opeens bid die vreemdeling: „Here, hier is een van die vele Afrikaanse vrouens, wat hulle dierbaarste offers vir Land en Volk moes afgee; troos haar, Almagtige Vader, met die Goddelike troos wat daar by U alleen is — amen."

Hierdie woorde: „hulle dierbaarste offers vir land en volk", het in tant Sannie se hart geval, want toe die

man klaar was met bid, begin sy vir die eerste maal te huil en herhaal, terwyl sy ook self opstaan: „Ja, God weet, ek het Hom my dierbaarste offer vir my land en volk gegee; ek sal na my ou eensame tent gaan en vir Hendrik skrywe: ‚Hendrik, ons dierbaarste offer lê nou begrawe onder die dor sand van die ou Boesmanland.’”

Daarop neem sy my en my broertjie by die hand en sê aan die vreemde man: „Kom saam, Meneer, ek sal vir jou gaan koffie maak — dis al wat ek jou vandag kan aanpresenteer, maar net so min as wat ek hierdie jaar — 1915 — sal vergeet, net so min sal ek jou in my gebede vergeet.”

XIV.

Maar 'n ou Hotnot.

In die ou Boesmanland kan dit baie warm word, ja, maar ook só koud, dat die water uit jou oë loop.

Die see, wat tog oordags lekker koel windjies, en snags heerlike warm lugstroompies kan rondstuur, is ook te veraf van hierdie ou streek. Dus as dit hier warm word, brand dit, en as dit koud word, byt dit in die regte sin van die woord. Oorlede ou Jan Bokbaard het dit so uitgedruk: „Dit smaak vir my of die ou Boesmanland meer sweetgate oopruk en meer tande laat klapper as alle lande saam.”

Die ou streek het ook g'n hout en skaduwees nie, want daar is g'n hoë bosse of bome nie. Vir myle ver tref 'n mens nie eens 'n laagtetjie met driedoring of kriedoring of wolfdoring-bossies aan nie. Dis net onafsienbare vlaktes en heuweltjies met blomkoolbossies wat gewoonlik maar 'n half voet bo die grond staan.

In die somermaande dra die arme skaapwagters hulle byna kapot aan drinkwater, want dan bly 'n mens se lewer droog en wil jy maar net water drink van die môre tot die aand. 'n Goeie skaapwagter loop van tienuur in die môre tot drieuur in die namiddag tussen sy trop skape rond met 'n stuk rokende beesmiskoek. Hy moet die skape so aan rondloop hou, want anders

steek die een sy kop onder die ander se pens in om, as-'t-ware, weg te kruip vir die muggies en die brandende sonnestrale, en dan vreet hulle op die manier byna die hele dag niks. Die rook van die droë beesmis hou die swerms van muggies uit die oë en ore van die wagter.

Dit is nie so maklik om so dag na dag — jaar-in, jaar-uit — in die ou Boesmanlandse kaal velde onder die brandende son rond te stap nie. Dis dus ook nie so maklik om 'n goeie skaapwagter te wees en te bly nie. Tog lewer Boesmanland enkele ou getroue, *goeie* skaapwagters op. Daar is, byvoorbeeld, outa Neels Stryker wat ál die trekke en wysheid en tak van 'n goeie skaapwagter besit. Hy ken al die smakies en voedingswaarde van elke bossie en grassie. Hy weet waar al die giftige plante en opslaggies groei. Hy ken al die verskillende veesiektes op hulle naam en weet ook raad vir elke siekte. Hy is die beste dokter vir krempsiek, opblaaskrempsiek, waterpens, bloedsiek, geilsiek, harslagsiek, malkop, verstop, seerbek, wurms ens. Hy ken die hele ingebore natuur van die skaap- en boklammertjies; hij verstaan hulle behoeftes en kan daarin voorsiening maak, want hy ken hulle van binne en buite; hy weet wat hulle lus en hy gee wat vir hulle goed is; hy voel met hulle saam en hy leef vir hulle en met hulle saam. Hy sê 'n skaaplammertjie ken nie sy moeder aan haar grootte of kleur nie, maar aan haar stem en haar ruik. As die ooi 'n endjie van die lammertjie af is, gebruik die lammertjie net sy oortjie om te luister, wanneer sy mame roep, want hy ken die stem. Maar snags op die veewerf of bedags tussen die trop, wanneer sy mame nie blêr nie, gebruik hy sy

neusie en snuffel al heel gou die moederuier uit. Hy vertel verder, dat hy een môre 'n lammerooi, wat aan knoppiestinkkruid dood is, afgeslag het, die vel gesout het en oor sy skermheining gehang het om droog te word. Dieselfde aand kom die lammertjie by sy mame se vel en begin dadelik daaraan te ruik en te blêr met 'n baie fyn, droewige stemmetjie, totdat hy later die ou droë speen, aan die eenkant van die vel, beetkry, en daaraan begin te suig terwyl hy met die stertjie al rondkwispel van blydschap! „Dit,” sê outa Neels, „bewys dat die stomme ou diertjie self sy mame se vel aan die ruik kan ken.”

Outa Neels verstaan ook al die geheime om jakkalse en ander roofdiere in die nag van sy veewerf af te hou.

Goeie skaapwagters regeer hulle skape net met hulle stem, nie met kieres nie. Die driendoringbos groei maar so hier en daar in die ou Boesmanland: Hier in 'n leegtetjie groei 'n klompie, daar ginder in 'n ou vleitjie of vlaktetjie staan weer 'n ander klompie en twee—driehonderd tree, of nog verder, groei weer 'n ander klompie. As dit nou reent, begin die verskillende klompies bossies al te blom vóór daar ander kos is. Die skaap is versot op hierdie soort blommetjie en hardloop dus glad uitmekaar en in alle rigtinge na die blommetjies van die driendoring. Dit lyk dan of al die skape, tot selfs die maerste ou harslagsiek-ooi, ineens dol geword het. Die skaap herinner jou dan aan die spreuk: „Die Here vir ons almal en elke man vir homself,” want dan kies elke skaap 'n ander koers en loop soos die wind, om driendoring-blommetjies te soek! Slegs skaapwagter-eksperte verstaan nou die kuns om so 'n „dolle” trop skape min of meer bymekaar te hou

en hulle saans almal op die veewerf te besorg. Outa Neels is so 'n ekspert, want hy pas sy oubaas se skape al 32 jaar op en het nog nooit meer dan een of twee verloor nie. Of dit warm is of koud, of die driedoring blom of nie, dit kom daar nie op aan nie: outa Neels regeer sy trop met sy stem. As hy slegs „foeit-feit” gefluit het en „koe-hoe, koe-hoeit” geskree het, dan draai die voorste punte en wydste flanke van sy trop ewe geduldig na mekaar toe sonder een blêr van protes. Ander mense kan maar by outa Neels se trop foeit-feit en koe-hoe, koe-hoeit, tot hulle hees is — dit sal niks help nie: die skape hoor nie, of maak asof hulle nie hoor nie; dis net die klanke wat uit outa Neels se mond kom, wat hulle erken as geldig en dus gehoorsaam. Dit lyk waarlik of die allerbeste musikus nie 'n beter oor vir musiek kan hê dan die trop skape van outa Neels vir sy stem nie.

Outa Neels is baie geduldig. Jy hoor hom nooit klae nie. „Net een ding van die ou wêreld,” sê hy, „sit my darem uit, en dit is die sonbesie. In die somer, my basie, sit in elke bossie 'n sonbesie en skree dat jou ore so tuit. Jy kry hom nooit in die hande om hom te verpletter nie. Jy kan hom maar nooit raak sien nie; jy kan hom nie ontvlug nie. Hy is orals en skree orals en versondig jou orals. Sy geskreeu is so skerp, so aanstootlik, so aanhoudend, so eentonig, so ondraaglik vervelend. Hy maak jou boos, woedend, buiten jouself, gek. Meer as eendag, my basie, soos ek op my hurke gaan sit om tog bietjie te rus, is daar 'n sonbesie voor my en een agter my, en een aan my linkerblad en een aan my regterblad en een — basie moenie dink ek lieg nie — ook reg onder my. Die klomp doen

dan wat hulle altyd doen — skree, skree dat dit so tuit of fluit of liewers klink; ek weet nie hoe die goed ook skree nie; ja wag, nou weet ek — hulle skree só, dat g'n sterfling dit kan uithou nie: Jy moet dus maar padgee, wegvlug, en as jy dit nie kan doen nie, moet jy, my basie, maar doodgaan van pure errenis."

„Ek is al baie oud, my basie, want ek het in die eerste Boesman-Oorlog in die wêreld gekom, maar ek ken nie nog so 'n lastige diertjie nie. Tot 'n leeu vlug vir die mens, maar die sonbesie vlug nie vir jou nie — o nee — jy moet vir hom vlug! Die swart-wipstertmiere val die grootste man aan en byt, dat dit brand soos vuur, maar jy kan hulle tog ook aanval en dooddruk; die bontpoot bosluis ontsien g'n mens en dier nie, maar jy kan hom tog met pypolie of teer of ander goeters op loop sit; die sampanne lê jou voor by die gorrajies of gannabossies om jou te beklouter en jou laaste bloed uit jou are te suig, maar jy kan hulle tog sien opklouter en hulle dan in hulle vaart stuit; die ou wolwemotte vlieg saans by die vuurlig na jou pot pap en storm daarin, maar jy kan dan tog jou pot op 'n donker plek sit; die pofadders, die horingsmanslange, die bobbejaanspinnekoppe, die baardskeerders, die skerpjoene, die dikdye, die heukieheu's — ja vir al die goggas en gediertes is daar raad voor, my basie, maar by die sonbesie is jy radeloos, staan jy verspot, my basie. Dis die enigste dier wat jy nie sal kan tem nie: hy tem jou, my basie!"

Outa Neels praat maar selde, maar as jy van 'n sonbesie iets sê, raak sy tong los en dan lyk dit of hy nie kan ophou nie.

Op 'n goeie môre, of liewer kwaai môre (want dit was bitter, bitter koud) sit outa Neels voor sy ou pondokkie in die lytjiesbosskempie by so 'n armoe-dige blomkoolhoutvuurtjie. Hy is al oud, stokoud, en krom en gerimpel van al die wind en weer en laste van baie jare. Hy herinner jou aan iets, wat aan verlep en vergaan is. Hy sê self: „My basie, my biltongvleisie het al verdwyn, dis nog net die are met bloed en die vel en been wat ek besit. Dit lyk vir my of ek al wil dood van koud.”

Arme ou skepsell Hy was ook so karig gekleed. Die ou dikriffel-ferweelbroek, wat hy aan het, lyk byna net so oud soos hy self en was ook vol gate en skeure, waardeur die bytende suidewindjie speel. Die ou baadjie was sonder 'n regter mou, en daarby ook byna aan flarde. Sy suinige oubaas sê: „Dis maar 'n ou hotnot.” Maar 'n mens kan nie help nie, om — ek het byna gesê — om hom jammer te kry nie. Vir meer dan 32 jaar pas hy hierdie oubaas se skape op. (Hy het vroeërs by hierdie oubaas se vader ook skape opge-pas.) En wat het outa Neels in al die tyd verdien? Niks! — Ja, hy het tog iets verdien: omtrent dertig bokkies, sy stukkie kos en die dierbare ou broek en baadjie, waarin hy nou sit en rittel en bewe van koue. Tenminste, dit is al wat hy nou vanmôre besit. Hy is nou al gans te oud om met 'n trop skape na die veld te gaan. Hy is te swak om te trek ook. Sy oubaas sê: „Neels, jy moet my skaap oppas of wegtrek, want jy kan nie op my werf sonder werk leeg lê nie. Jy sê jy wil bietjie rus; 'n hotnot het nie rus nodig nie. Jy moet werk as jy wil eet; ek het nie vir jou genadebrood nie.”

Vanmôre is hy so styf en stram, dat hy byna nie kan opstaan nie. Hy het gisteraand baie siek by die huis gekom en so het sy oubaas dan tog, na veel verwyte, belowe dat hy dan maar vandag by die huis kon bly en rus.

Daar het egter 'n veekoper gekom en die het 'n klomp pragtige hamels by sy oubaas gekoop, en nou het sy oubaas vir die veekoper gesê: „My ou hotnot, ou Neels, kan gou vir jou die hamels na Grootleegte toe bring, waar jou ander skape is.”

Grootleegte lê drie uur te perd van sy oubaas se plaas af, en hoe hy hierdie distansie moet heen en weer afloop, weet hy nie. Maar die veekoper het hom darem een sieling en 'n pruimpie twak daarvoor belowe. Dit is vir outa Neels 'n baie groot betaling. „Met die sieling kan ek,” sê hy, „vir my tog 'n serp koop om om my ou nek te draai, want vanjaar dood ek van koue.”

Outa Neels het sy laaste kragte moes inspan om sy ou liggaam van die vuurtjie af weg te sleep, skape-toe. G'n witmens met daardie ouderdom en wat al soveel deurgestaan het, sou hom dit kon nadoen nie. Maar, „ou Neels is mos maar 'n hotnot.”

Uitgeput kom outa Neels die dag op Grootleegte aan. Dis nog net die gedagte aan die sieling en die pruimpie twak wat hom moed gee. Vol verwagting loop hy huis-toe, waar die veekoper nou sou wees om hom te betaal. Maar die oubaas van Grootleegte sê: „Neels, jy moet die hamels, wat jy gebring het, daar oorkant na die dam ja, want die veekoper is alweer weg en sy vee is daar by die dam.”

„Ai, my oubaas, het die veekoper dan nie hier vir

my een sieling en 'n pruimpie twak agtergelaat nie?"

„Nee, ou jong, hy het niks van sulke goed gepraat of afgegee nie. Maar maak nou gou, anders trek die veekoper se jong met sy skape weg en dan vang jy hom nie.”

Bitter teleurstelling, ja wanhoop, was duidelik op outa se gesig te lees. As dit nie maar 'n ou hotnot is nie, kan 'n mens hom amper jammer kry en hom dan een sieling en 'n pruimpie twak gee.

Die volgende dag, so teen die middag, kom outa Neels maar eers weer by sy ou pondokkie aan. Sy oubaas is al net kwaai, want hy moes vanmôre al weer met die trop veld-toe gegaan het.

Waar outa Neels die nag op die eensame veld deurgebring het, weet niemand nie; dit kom daar ook nie op aan nie. Hy is swak van honger en gaan na sy oubaas se huis om 'n „bietjie koffietjies en 'n stukkie kos” te vra.

Sy oubaas sê: „Neels, jy het gister uit my diens gegaan om by iemand anders te verdien, hoe kan jy nou by my kom kos vra? Jy het dit glad te lekker, ek gun jou van harte 'n kwaaiier baas.”

Na heelwat gesoebat het ou Neels tog 'n kommetjie meel en 'n bietjie ou koffiemoer gekry. Op hierdie kos het die ou hotnot die aand geslaap.

Die volgende môre het hy daar maar bedroef uitgesien, maar — hy moes tog weer sy oubaas se trop vat. Dit lyk byna ondoenlik — maar hy is tog mos maar 'n hotnot: hy moet.

Dit was 'n koue weer, die dag, en van die vroeë môre af het daar kort-kort vlagies motreëntjies geval. En dan het daarby 'n suidewindjie so deur jou siel

gesny van koue, 'n Mens kon baie ver in alle rigtinge van die oubaas se werf af sien, want die ou wêreld is daar so gelyk soos 'n tafelblad. Maar outa Neels was skaars 'n honderd tree met die trop van die werf af, toe kon jy hom en sy skape nie meer sien nie, want hulle was toegehuil in die yskoue, dik miswolke wat letterlik op die grond gesleep het. Die oubaas het so na die trop se geblêr, wat sommer nog duidelik hoorbaar was, gestaan en luister en gesê: „As die ou niks-nutsige ou jong maar vandag goeie werk doen en nie die skape uitmekaar laat raak nie.”

Dit was 'n treurige dag. Die miswolke het al dikker saamgepak; dit het alweer gereën en die windjie het al kouer gewaai. Die huismense het soms gebibber van koue en gesukkel om 'n groot vuur in die kookskerm aan die gang te hou, sodat daar altyd lekker gloeiende kole kan wees om in 'n groot pan in die huis te sit vir verwarming. En langs die groot pan met kole was dit baie lekker en aangenaam en niemand het ooit daaraan gedink hoe dit tog die dag in die oop, kaal veld met 'n arm ou skaapwagter sal gaan nie.

So 'n gestadige en aanhoudende reën word in Boesmanland landsreën genoem, want die mense dink dan dat dit dan oor die hele land so reën. Hierdie soort reën maak die ou dor aarde gouer en dieper nat as donderweerreëns. Na die ergste donderstorm kry die skaapwagter darem nog hier en daar onder 'n digte bos, agter 'n walletjie of in 'n miershopie droë blaartjies of grassies om 'n vuurtjie te maak, maar in of na so 'n „landsreën” hoef hy nie na droë goedjies te soek nie. Alles is dan deur-en-deur nat. Daar is dan g'n kans vir vuur-opmaak nie. As jy dan koud

kry, moet jy maar bewe en as jou stukkie vleis nog rou is, moet jy maar honger ly. . . .

Laat in die namiddag het die miswolke darem so bietjie eenkant padgegee en het die reën opgehou. Maar toe was dit nog kouer as vantevore. Ook het daar later maar weer nuwe wolkbanke opgekom en het dit gelyk of dit elke oomblik weer aan reën kon gaan.

So teen sononder kom klompies van die oubaas se trop uit verskillende rigtinge werf-toe. Die oubaas het daarvoor baie woedend geword. Hoe durf ou Neels so iets toelaat? Haastig het die oubaas perde laat opsaal en rond laat jaag om die trop bymekaar te kry. Toe dit sterk donker was, was al die ruiters terug, elkeen met 'n klompie skape en — dit het toe gelyk of die trop wel weer almal bymekaar was.

Die volgende môre het outa Neels nog nie sy verskyning gemaak nie. Dit was ook 'n bitter koue nag en daar was mense wat begin dink het dat ou Neels dit maar swaar die nag in die veld sou gehad het en dat 'n mens hom behoort te gaan soek en sommer iets warm saamneem.

Die oubaas wou nie saamgaan nie. Hy gee darem sy perde om die ou skepsel te gaan soek, want hoe gouer ou Neels weer by die trop kon kom, hoe beter.

Na lank soek kry die ruiters die ou jong inmekaar gekrimp onder 'n gannabos. Hy het nog geleef, maar kon niks praat nie. „Hy is blou, soos die dood,” sê een van die ruiters. Haastig word 'n vuur gemaak en word 'n warm drankie tussen outa Neels se tande deur laat loop. Hulle moes lank sukkel om die ou skepsel warm te kry.

Eindelik slaan hy tog tussen baie rimpels die ou oë

op. Hy begin te verstaan wat gebeur het, maar kon nog nie praat nie. Weer 'n bietjie van die warm medisyntjies en nog 'n bietjie geduldig wag. Dit lyk darem outa Neels kom nog 'n bietjie by. En ja, eindelijk vra hy met bewende stem: „Ai, my basies, het my skape toe gistraand almal op die werf gekom — was oubaas toe nie kwaai nie?”

„Ja, outa, jou skape is almal,” antwoord iemand, „maar laat staan nou die skape en sê eers of ons nie iets vir outa kan doen nie, want ek voel nie meer outa se pols nie; outa kan dalk doodgaan; weet outa dat jy ook 'n onsterflike siel het?”

„My baas,” sê die ou, „my ou pols het net vir my skape geklop. . . . en my oubaas het gesê 'n hotnot het nie 'n siel nie. . . . ek weet nie. . . . ek is mos maar 'n ou hotnot.”

Hier ruk outa Neels se ou liggaam inmekaar en die ruiters dag hy was aan sterwe.

Maar net later hoor hulle hom weer saggies praat: „Ek weet nie. . . . as my ou pols nie meer klop nie, dan moet ek maar doodgaan, maar dan moet die basies my tog asseblief hier in die veld begrawe waar my trop aldag sal kom blêr; dit sal lekker wees. Dan sal die lytjiesbos op my graf groei. . . . die akkeldisse sal op my ou grafklippertjies vliegies vang; die muise sal rondom my ou liggaam gate grawe; die sonbesies sal in die lytjiesbos op my ou graf kom pak en skree, skree. . . . maar ek sal niks weet nie. . . . ai, ek wens net ek kon my skape hoor blêr het. . . . maar. . . .”

Weer krimp die ou uitgeslyte, afgeleefde liggaam ineen, weer 'n aaklige rilling en — daar lê outa Neels roerloos, dood, dood!

XV.

Oom Frans en tant Kowa.

In 1895 het my vader op Koeibees in die distrik van Kenhardt gewoon. Ek was toe nog sommer so 'n jong boggie van 14 jaar, maar moes tog, ten spyte van my ouderdom, soms baie ver distansies te voet loop om beeste en donkies, wat oor die uitgestrekte vlaktes ronddwaal, te soek.

Op 'n goeie dag was daar weer 'n paar beeste weggeraak, en moes ek maar weer uitspring agter hulle aan. Na ek vir drie dae vrugtelos van plaas tot plaas rondgesoek het, kom ek eindelijk op die plaas van oom Frans S. . . . te land.

Ek het oom Frans en sy famielie toe nog nie geken nie, maar het darem toe al sóveel van die kwaai buie van die oubaas gehoor, dat ek huiwerig was om na sy huis te loop. Ek was egter só honger en dors en vermoeid, dat ek verplig was om die aand daar te gaan slaap.

Die eerste wat ek bemerk, toe ek oom Frans groet was, dat hy 'n man was met sterk, gespierde ledemate en tamaaie vuiste. Daarby het hy gitswart oë, wat sommerso skitter van vuur en wat altyd ernstig rondkyk met sulke nougesette oplettendheid asof hulle gewend is om steeds wag te hou. Later het ek opge-

merk, dat hy ru is in sy maniere, vol geeskrag en altyd klaar met sy twee vuiste om, as hy dit nodig vind, krag by sy woorde te sit.

Ek het skaars sitplaas geneem of hy kyk my ewe ernstig en deurdringend aan en sê: „O, jy is seker Swart Piet Nel se seun; ek kan dit sommer aan jou ou neusie en smal kinnetje sien; daardie peperhoutkierietjie wat jy daar het, het jy in my veld afgesny, daar by die bakenkoppie; ek ken die ou stokkie baie goed aan die groei van sy hakie. Verder sien ek nog dat jy 'n vlak-hasie doodgegooi het, want daar hang sy stertjie mos nog ewe pap aan jou hoed; die hasie het jy seker aan my skaapwagter gegee vir daardie slangvel, wat daar by jou baadjiesak uitsteek en, *wat* wil jy met die slangvel maak?”

Om die woordjie „wat”, nog meer nadruk te gee, toe hy dit uitspreek, slaat hy met sy regtervuist „woeps” op die tafel. Ek was só verbouereerd en verskrik, dat ek opspring en antwoord met 'n heel beweerde stemmetjie: „Ai, my Oompiel vergeef my tog, want ek sal nooit weer slangvelle op Oom se grond ruil of verruil nie; ek het dit net gedoen om my vader aan rumatiek ly, en hulle sê dat dit so goed is om 'n slangvel om jou nek te dra as jy aan daardie soort siekte ly. Ek is Swart Piet Nel se seun; ek het die kierietjie by Oompie se bakenkoppie afgesny, ek het die vlak-hasie doodgegooi en, hoewel ek byna kapot van honger was en nou nog is, het ek hom verruil om tog maar die slangvel in hande te kry.”

Na ek so alles erken het, vou ek my hande nederig saam, soos my moeder my geleer het, en vervolg: „En nou Oompie, my moeder kan nie lieg nie en sy

het altyd gesê dat ware skuldvergifnis altyd volg op ware skulderkenntnis, en daarom Oompie, vergeef my nou tog maar asseblief en ek sal dit nooit weer doen nie."

Hierdie woorde skyn egter op oom Frans glad g'n invloed te hê nie, want hy kyk my met die twee vurige kykers ewe skerp aan en sê: „Jy is 'n mooi aap om hier allerhande vroom storietjies in my huis te kom verkoop; loop, speel daar buite by die kinders of ek veeg jou netnou so vierkantig die huis uit!"

By hierdie laaste woorde dreun daar weer twee harde vuisslae op die ou kaal tafelblad.

Dit was genoeg vir my, en in 'n wip sit ek in die skerm by tant Kowa, oom Frans se vrou, en Fransie en Kolie, sy twee jongste seuntjies.

Tant Kowa, het ek spoedig opgemerk, is wat geaardheid, maniere en taal betref, net die teenoorgestelde van oom Frans. Daarby is oom Frans se oë so skerp, kwaai en kritiseerend; hare, inteendeel, is sag, vol moederlike liefde, vergewend.

Spoedig het Tante my 'n outydse kommetjie vol water gegee en daarna 'n groot bak met vleissop en 'n hoogopgeryste roosterkoek.

Terwyl ek besig was om te eet, bemerk ek dat Tante gedurig met 'n treurige blik opkyk na 'n seker kant en haar oë dan so 'n ruk in die rigting gevestig hou om hulle later weer ewe treurig op die vuur, vóór haar, te laat val, en daarby sug sy dan nog treuriger.

Dit was te veel vir my en so waag ek dus om saggies te vra: „Verwag Tante miskien iemand?"

„Ja, my kind," antwoord sy, „Jannie, my oudste seun, en ons ou beeswagter het in die Duine gaan bees

soek; hulle moes al eergister hier gewees het, maar... maar ek voel, ek weet... ek weet vas dat my kind 'n ongeluk oorkom het; meer dan eens het hy so moes uitbly en het hy ook soms verhinderd geraak en dus langer uitgebly as verwag was, maar nog nooit het ek so'n... so'n voorgevoel van 'n ongeluk gehad as nou nie."

Skaars het Tante klaargepraat of oom Frans roep daar uit die tent: „Toe, die son is onder, ons moet na die bokkraal."

Haastig staan Tante en haar twee kindertjies op, en toe Tante die groot blikemmer, wat aan 'n skerm-paaltjie hang, vat, dink ek dat sy seker die bokmelker is en spring ek dus ook op om haar te volg. Toe ons by die kraal kom, was oom Frans reeds daar. Hy neem die emmer uit Tante se hand, sit dit buite voor die kraalhek neer en sê: „Toe Kowa, jy en die kinders kan nou maar die skaaphansies laat suip en hierdie klein Swart-Piet-Nelletjie kan vir my die melkbokke vang en vashou."

Ek begin te beef soos 'n riet en vra, terwyl ek na 'n bok wys: „Is dit 'n melkbok, Oom?"

Oom Frans kyk my toe aan met twee oë, wat my vandag nog voor die gees staan, as ek so aan hulle dink. Na hy my so'n rukkies bekyk het, herhaal hy my laaste woorde: „'n Melkbok, Oom, 'n melkbok, Oom," en vervolg toe: „kan jy nie sien dat dit 'n kapater is nie? Vang daardie geel-lap bok, só lyk 'n melkbok, Swart-manelletjie!"

Onwillekeurig kry ek toe die volgende gedagte: „As my naam, wat Klaas is, nou al in Swartmanelletjie verander het, hoe sal ek dan heet as ons klaar is met die bokke melk?"

Maar spoedig sou ek nog iets wonderliker sien. Toe ek die geel-lap-bok, wat Oom Saalklap noem, beet het, kom Oom langs haar op sy hurke sit en melk 'n blik-bekertjie vol en gaan dit toe in die groot blikemmer uitgooi, waarop hy my weer 'n ander bok aanwys om gevang te word.

Na Oom so'n rukkie hierdie tweede bok gemelk het, begin hy aan die uier te stamp en die spene te rek, maar daar kom g'n melk meer uit nie, hoewel die bekertjie half is. Toe Oom sien dat sy moeite te-vergeefs is, smyt hy die melk, plaks op die grond, gryp die bok by die horing beet en sê aan my: „Loop Rumatiek-nek, kyk daar by die hek staan 'n teerkantien, bring dit hier.”

Op daardie oomblik het ek vir die eerste maal in my lewe gevoel, dat 'n mens verbaas, beangs en nuuskierig tegelyk kan wees.

Spoedig was ek met die teerputs, soos ons dit noem, by Oom, wat nog altyd die bok vashou. In die teerputs steek een stokkie wat aan die onderkant plat-gesny is. Met die stokkie skep Oom 'n klompie teer, smeer daarmee 'n groot swart kruis op die sondebok se rug en sê: „So, vang nou daardie donkerbruin-geelbek.”

By hierdie donkerbruin-geelbek sou dit swart kruis maar swak afgesteek het, maar gelukkig het sy die bekertjie vol melk gegee. Toe ons klaar is met melk, het daar vyf bokke se melk op die grond gelê en dieselfde getal bokke het groot swart kruise op hulle rug gedra.

Na die aandete het tant Kowa, Fransie, Kolie en ek maar weer na die skerm gegaan, want Tante sê: „Ek

is al bang vir die bed, waarop ek al twee bitter, slape-lose nagte deurgebring het, vannag sal ek maar in die skerm sit en waghou; vir die kinders kan ek by my 'n kooitjie maak."

Solank Tante die kooigoed aandra, vertel Fransie my, dat oom Frans kwaad is omdat Jannie nog nie uitkom nie en dat dit maar die oubaas se nuk is om, as hy kwaad is, die een of ander nuwe streek uit tehaal. „Hy sal, as hy eers kwaad is," sê Fransie, „met ander mense sonder oorsaak rusie maak of hulle lelike by-name gee, of selfs katte, honde, hoenders of ander diere, wat net durf verkeerd trap, wreed behandel. So het Pa, eendag," vervolg Fransie, „'n hoenderhaan wat net reg in die tentdeur kom kraai het, die nek omgedraai, hom mooi skoon afgetrek, middeldeur gesny en aan die honde uitgedeel. Die bokke wat Pa van-aand gemerk het sal Pa nou, net om hulle so min melk het, die een na die ander slag so gou as hulle lammers eers gespeen is."

Hierdie woorde van Fransie het my nog meer vrees ingeboesem vir die Oom met die kwaai kykers en gevaarlike vuiste.

Spoedig was die kooitjie klaar. Tant Kowa gaan toe langs die kooitjie neerkniel en sê: „Kom kinders, laat ons nou eers 'n paar woorde met ons liewe Here praat." Daarop begin sy te bid en, daardie „paar woorde" klink vandag nog in my ore. Dit was nie net 'n paar woorde nie, o neel Dit was iets vra van God; dit was iets wat van oortuiging, brandende verlange, stille berusting en onwankelbare vertrouwe spreek; die paar woorde het my hart gebreek, het my lig gegee, het my skaam gemaak, het my bly gemaak, het my

veilig laat voel. Sy het die paar woorde sag uitgespreek en tog kan ek hulle vandag nog nie vergeet nie. Was dit dan donderslae? Dit was die taal van die moederhart. Dit was 'n *gebed*.

Na Tante klaar is, kruip Fransie, Kolie en ek onder die komberse, nie om te slaap nie, maar om met ope ogies na Tante te kyk. Sy sit kort by ons langs die vuur. Op haar skoot lê die ou groot vaal hoed van oom Frans. Sy is besig om 'n breë swart band om die ou hoed te draai. Toe sy met hierdie werk klaar is, gaan sy saggies na die tent en bring oom Frans se baadjie. Weer skeur sy 'n band van die swart merieno-lap af en begin dit om die linkermou van die baadjie te werk.

Hierdie treurige werk het ons al weemoediger gemaak, maar glad nie verwonder nie, want haar „paar woorde” het ons die versekering gegee: „Jannie het nou 'n ongeluk oorkom, — Jannie is dood.”

Hoe Tante dit weet kon ons nie verstaan nie, maar haar oortuiging het ons oortuig dat Jannie vanaand nie meer leef nie. Eindelik vra Fransie, terwyl hy begin te huil: „Mammie, as Jannie dood is, waarom kyk en luister Mammie dan so kort-kort asof Mammie nog iets verwag?”

„Ja, my kind,” antwoord Tante, „ek verwag vanaand iets, — Jannie se doodstyding.”

Toe ons van hierdie droewige verwagting hoor, staan ons gelyk op om langs haar te gaan sit en saam wag te hou.

Hoe later dit word hoe onrustiger word Tante. Weer kom by my die vraag op: hoe weet sy dat Jannie dood is? Maar — ek durf haar niks vra nie, ja, selfs nie troos nie: Haar smart was te diep.

Ek sien vandag nog hoe sy daar in die ou skermpie eers 'n klomp strepies op die grond trek, hulle toe almal noukeurig oortel en dan skielik opkyk om te luister.

Soms sit sy houtjies, wat sy eers heel kort en klein gebreek het, op die vuur, en dit doen sy so langsaam en omslagtig, dat dit lyk of sy haar die hele nag daarmee wil besighou. Spoedig egter, oormeester haar hart haar en dan hou sy eensklaps op om nog eens te luister met 'n gesig waarop iets, 'n mens kan byna sê, hoop om nou die doodstydning te kry, te lees is! Maar weer is dit vergeefse moeite, want weer is daar maar g'n geluid nie. Die nag is donker en alles is stil soos die graf. 'n Mens kan nie eens die bokke in die kraal hoor herkou nie. Om dan stil te sit en wag is onmoontlik, gans ondenkbaar. Om die brandende, kloppende moederhart in toom te hou moet weer iets anders gedaan word. Maar wat? Dis hartverskeurend om aan te sien hoe sy daar in die ou skermpie rondkyk — rondsoek na werk. Eers val haar oë op die ou groot ronde kospot, toe weer op die platpot, waarin sy al so baie potbrode gebak het, daarna op die ou groen veldstoeltjie en eindelijk op . . . die omroerstok wat . . . Jannie gemaak het. Hoeveel maal het Jannie nie al geëet van die kluitjies, snippers en pap wat met daardie stok omgeroer is nie!

'n Paar trane oor haar wange bewys dat haar hart dit nie meer kan uithou nie.

Maar — sy moet wag. Met groot inspanning gryp sy die omroerstokkie en begin dit te bekyk, eers van agter by die handvatsel, toe vorentoe, tot sy later by die platgesnyde punt kom, en toe draai sy haar na

Fransie en Kolie en sê: „Kinders, die hand wat daardie punt gesny het, sal ons op aarde nooit weer groet nie, nooit weer sien nie. . . . ja, miskien 'n koue, bleke, verstyfde hand!”

Sy draai die stokkie om asof sy verder wil sit en kyk, maar opeens val haar iets by waarop sy ons aankyk en vra: „Kinders, is julle nie te vaak om 'n gesangversie, wat paslik is op die dood, te leer nie?”

Gretig verseker ons haar, dat ons glad nie vaak is nie, en dus graag die versie sou wil leer.

Na sy ons die versie 'n hele paar maal voorgesê het, kon ek, wat die oudste van ons drie is, al die eerste vier reëls opsê en begin dus:

„Neem dan vrij mijn stof, o aardel
Tot het stof dat gij bedekt;
Eens herrijs ik weer in waarde,
Door Gods almagt opgewekt.”

Na ek klaar was, sê Tante: „Ja, my kind, die reëltjies wat jy daar opgesê het, is mooi en waar, maar die mooiste kom nog; luister maar weer:

Jezus zal Zijn woord dan staven,
Hij beheerst het stof der graven:
Wie in Hem gelooft, verbeidt
Leven en onsterfelijkheid.”

„Ja, ja,” vervolg Tante, „die Here Jesus regeer ook oor die stof van die graf; o, heerlike gedagte, o. . . .” Hier begin sy só hewig te snik, dat sy nie verder kon praat nie. Maar dis nie smart wat haar nou oorweldig nie; dis blydskap, gebore in die vaste geloofsvertroue

van haar hart. Ja, die tekens van nuwe moed is nou ook trane.

En wonderlik genoeg, maar op hierdie selfde oomblik, waarin die „heerlike gedagte” haar besig hou, kom die tyding waarop Tante wag.

Eers begin die twee honde te blaf en, ja, daar hoor ons iemand sleepvoets aankom. Tante maak egter of sy nou niks hoor nie; dit lyk selfs of sy alle onrus en angs uit haar hart verban het en of sy nou glad nie nuuskierig is nie.

Toe outa Kudo, die beeswagter waarvan sy my vertel het, by die vuurlig kom, roep Fransie en Kolie gelyk: „Outa, waar is Jannie?”

Maar vóór ou Kudo nog een woord kon praat, sê Tante: „Stil, stil kinders; Kudo, is — is, waar . . . het jy die — die beste gebring? Of wag, wag! moet tog nie eers praat nie.”

Hier vou sy haar hande wringend saam, tuur met haar twee groot ronde oë na bowe asof sy dwarsdeur die hemeldak kan sien, fluister 'n paar woorde wat ons nie kon verstaan nie en sê toe: „Kudo, vertel nou haastig alles.”

Die arme outa, kon jy sien, het iets treurigs op die hart. „My Nonnie,” begin hy, „Kleinbaas en ekke, ons het gesoek en gesoek tot ons so kan nie *meer* nie, maar die beste kry, nee, moenie glo nie. Toe word ons moeg my Nonnie, en honger en tog so baie dors, my Nonnie; tot ons perde ook, my Nonnie, hulle kan nie *meer* nie, en toe sê die Kleinbaas: „Kyk hier, Kudo, dis vandag die derde dag, wat ons perde laas iets te vreet gekry het, so hulle is kapot; kom laat ons nou sukkel om op Broek-se-t'kna te kom. Miskien woon daar mense, dan

kan ons en die perde eers rus." Maar heei, my Nonnie, toe ons op Broek-se-t'kna kom, toe is daar gladnie 'n stukkie mens nie, net 'n paar vrinne perde, my Nonnie, en toe. . . . en toe vang ons sommer twee vrinne perde wat ons teen die koppie vasgekeer had, want ons wil toe met hulle mense soek, want ons perde, hulle kan nie *meer* nie en Broek-se-t'kna, hy had nie 'n stukkie water nie, my Nonnie. En heei, my Nonnie, toe my Kleinbaas op sy vrinne perd se rug spring, toe skop en rinnik en spring die perd so aanhoudlik, my Nonnie, tot my Kleinbaas, hy kan nie *meer* nie, en toe. . . . en toe my Kleinbaas, hy val sommer so agteroor en toe ou Kudo daar kom, toe kan my Kleinbaas nie praat nie. Maar toe die son ondergaan, toe kan my Kleinbaas praat, en toe sê my Kleinbaas: „Kudo, ek kan nie roer nie, my rug smaak hy is af; hardloop gou na Omdraaikolk; miskien is daar mense, maak gou ek sterf."

„Ek kom toe middernag op Omdraaikolk, my Nonnie, en toe kry ek tog vir baas Jan van Zyl daar en toe moet ons eers rond hardloop om die baas se donkies te soek om in te span en toe kom ons eers die anderdagmôre, hoog son-op, op Broek-se-t'kna, my Nonnie, en toe. . . . en toe, my Nonnie, en toe my Kleinbaas. . . . hy lê dood."

Hier kon ek nie help om Outa in die rede te val, en eers die volgende trooswoordjies aan Tante toe te fluister nie: „Tannie, liewe Tannie, hy is veilig in Jesus armen."

„Ja, my kind," antwoord sy, „veilig, veilig, veilig, veilig."

Daarop vervolg Outa: „Dit was gistermôre. Baas

Jan het toe vir my oorl Kleinbaas opgelaai; die baas, hy sal netnou hier wees. Ou Kudo, hy het maar vooruit gekom, want hy kan tog nie langs daardie kar loop nie, wat vir my Kleinbaas dra nie."

Skaars was Outa klaar met sy droewige verhaal of oom Frans kom ook uit die tent, skerm-toe.

Wat Tante met haar hart gevoel het, begin Oom nou eers met sy oog te sien, want na hy 'n rukkie eers op Tante en toe op outa Kudo gekyk het, sê hy: „Ek sien aan julle dat Kudo 'n slegte tyding gebring het; daar hang my hoed en baadjie met roubande om, en jy, Kowa, wat hou jy daardie omroer-stokkie so krampagtig vas? O ja, Jannie is natuurlik dood. Dit het ek nou alles aan die ellendige, beesagtige beeste te danke. Kudo, wat sit jy nog daar met jou ou inme-kaargerimpelde bakkies sonder iets te praat? Vertel wat jy te vertel het en dit binne twee minute."

Hierop begin ou Kudo maar weer met sy treurige verhaal. Toe hy by die vangery van die „vrinne perde" kom, val Oom hom in die rede met die woorde: „Vrinne perde, vrinne perde — dis duiwelse perde en een van hulle het gemaak dat Jannie nou dood is, waarom vang julle ooit sulke goed, sê my dit."

„Heei, my Grootbaas," antwoord Kudo, „ons en ons arme perde was toe al so honger en tog so baie dors dat ons so kan nie *meer* nie." (Outa lê danig klem op die woord „meer" en spreek dit ook heel langsaam uit.) „Ons perde, hulle kan toe glad nie *meer* nie."

„Nie meer nie, nie meer nie." herhaal oom Frans, „vertel *meer*, waar is. . . . (hier lyk dit of Oom ook vir so 'n kort oomblikkie soiets as hartseer voel). . . . „waar is. . . . die lyk?"

„My Grootbaas, hier hoor ou Kudo nou net die kar aankom met oorl Kleinbaas.”

Oom Frans is van die soort mense wat teleurstelling, rampe en teëspoed, toeskryf aan wêreldse oorsake, waarin die Alomteenwoordige Bestierder g'n deel het nie. Hy sê: „As die ellendige beeste nie wegeloop het nie; as die slegte vreemde perde nie ongeleerd was nie; as Jannie en Kudo nie so erg dom was nie; as die armsalige Broek-se-t'kna nie so waterloos was nie, dan, ja *dan* sou Jannie nou nie dood gewees het nie.”

Dat ook nie eens een haartjie uit ons kop sal val sonder die wil van die Hemelse Vader nie, erken Oom tenminste in al sy uitdrukkinge en gesegdes nie.

Solank ons die vier donkies uitspan, staan Oom daar, dan die een, — dan die ander ding te beskuldig van die dood van arme Jannie.

Tante egter, druk saggies 'n laaste soen op die koue lippe van haar kind. Daarna buig sy vooroor, sodat haar kop, wat sy met albei hande vashou, op die bors van die verstyfde liggaam rus, en toe sê sy op oortuigende toon: „Here, dis U wil, want in ,dood en doodse banden, ja oweral is God', daarom Heer, dis *welgedaan*.”

Oom Frans was in hierdie treurige oomblik baie meer te bejammer dan tant Kowa. Daar kom al meer en meer krag, geduld en stille onderworpenheid in haar diep-gewonde hart, maar — hoe onstuimig, hoe onrustig en leeg die hart van Oom?

Oom kon g'n rus kry nie. Dan stap Oom na die bokkraal, dan na die puts, dan na die ou kookskermpie; hy stap oral rond behalwe na die tent waar die lyk van sy kind nou lê.

Daar onder in die hart van Tante was iets wat haar laat voel het, wat haar gesê het: Jannie is nie meer nie. Dit was die voorbode wat skuil alleen in die hart van 'n ware Moeder. Sy was voorbereid en kon haar, hoe suur dan ook, skik in die onvermydelike, toe haar kind so roerloos daar op haar ou katel lê.

Vandaar dat Tante, toe Oom daar so nors, onstuimig en doelloos rondstap, saam met oom Jan van Zyl, alles klaar en regmaak vir die begrafnis. Tante draai selfs om die Boek, waaruit sy al soveel troos geput het, 'n lap swart krip. Om die ou dierbare Bybel in die gitswart lamfer gehuld te sien was vir ons kinders 'n aandoenlike gesig.

Nog treuriger was dit vir ons, toe ons later in die skerm by outa Kudo kom. Jannie het, kort vóór hy en Outa gaan beeste soek het, hier in die skerm nog 'n paar velskoene vir hom gemaak en die afsnyseltjies van die sool en oorleer het daarlangs die skermheining bly lê. Outa sit nou met hierdie afsnyseltjies in die hand en toe ons hom vra wat hy daarmee wil maak, sug hy so droewig en sê: „Heei, my Kleinbasies, kyk hierdie stukkies solietjies, heei, heei, my hart, hy kan nie *meer* nie!”

Dit was genoeg om ons die trane oor die wange te laat rol, en weer was ons verplig om na Tante te gaan, want sy besit nou alleen die vertroostende invloed wat ons soek.

My ouers het net bytyds gekom om die begrafnis by te woon. Ek was ook 'n beessoeker en my moeder het my tederliker as ooit omhels, toe sy in die tent kom, waar oom Jan van Zyl net sou begin met die lykrede.

My twee matertjies en ek en outa Kudo het by die

graf, waarop netnou die laaste skoppie sand geval het, agtergebly. Ons strooi nog ronde kalkklippertjies daaroor. Ons was al hartseer genoeg, maar Outa maak dit nog erger, toe hy op een van die grawe wat vir Jannie toegegooi het, leun en op die graf kyk en sê: „Heei my oorl Kleinbaas, jy het nog laas bees gesoek; nou sal jy nie *meer* bees soek nie; jou twee broertjies, hulle sal nou alleen erwe, dalkies nog die bees wat jy gesoek het; maar jy is nie *meer* Grootbaas se erfgenaam nie; jy sal niks meer kry nie; jy sal tevrede wees.”

Die paar beeste, wat Outa by Jannie se graf van gepraat het, het Fransie en Kolie nooit weer gesien nie. Oom Frans het hulle verkoop aan oom Jan van Zyl, wat hulle juis kort vantevore in sy veld gekry het. Dit is verkoop nog vóór die son vir die tweede maal op sy kind se graf geskyn het.

Toe ek van tant Kowa afskeid neem voel ek, dat sy van die soort mense is, wat jou in 'n oomblik deur hulle goeie woord en voorbeeld só kan trek, dat jy hulle nooit sal vergeet nie.

Ek *moes* oom Frans natuurlik ook groet, en toe ek dit doen, lyk dit of Oom glad verwonderd is dat ek nog al die tyd daar was: 'n Mens se oë kan nie praat nie — so sê hulle — en tog het dit gelyk of Oom se oë wil vra: „En toe, is jy, Swartmanelletjie ook nog hier?”

Outa Kudo het my 'n oorleer-afsnyseltjie present gegee vir 'n gedagtenis van Jannie en daarby gevoeg: „Die stukkie solietjie kan jou herinner aan my Kleinbaas, wat jy, Duusman, vir die eerste maal gesien had toe hy, my Kleinbaas, jou nie *meer* kan sien nie.”

XVI.

Middele van die Albestierder.

Oom Dries, 'n Boesmanlandse trekker, het in 1888 op Rhenosterkop langs Grootrivier, kort onderkant Kakamas gewoon.

Die veld was swak en so het oom Dries sy bokke na die groot eiland van Rhenosterkop oorgebring, waar toe nog blare, doringboom- en kameelpeule en ook kweekgrassies was, en sy seun, Driesie, moes by die bokke bly.

'n Nag, kort na Driesie se vertrek na die eiland, kon tant Annie, oom Dries se vrou, glad nie slaap nie en moes so vir ure nugterwakker lê.

Eindelik vang haar oor 'n wonderlike geluid. Waarom, wis sy nie, maar sy skrik hewig en spring van die bed om beter te luister. En ja, daar deur die stille nag dreun iets soos verre donder, dan weer soos groot verterende vuurvlamme, dan weer soos die kokende geklots van water oor ruwe rotse. Nog meer verskrik ruk sy aan oom Dries wat dadelik wakker skrik en meteens ook die geluid hoor.

„Vrou, vrou,” roep hy uit, „dis Grootrivier wat afkom!”

In 'n oomblik was man en vrou langs die rivier. Hier was iets groots en ontsagwekkend in die helder maanlig sigbaar. Grootrivier was werklik aan afkom. Hulle

was juis by die voorste waters wat soos die bare van die see eers hoog oprys, dan van bo-af letterlik woes omkrul en oprot om skielik met skriklike geweld terug neer te plof.

Dit het veroorsaak dat 'n stofwolk uit die dorre stuïfsand opgestyg het en voor die onbedwinglike strome van die verskriklike lope, of sloepe, soos 'n dik newel geweef het.

Springhase, wat nog bytyds die naderende gewisse dood gewaar het, het ylins dwarsoor bos en sloot na hoër geleë plekke gevlug. Groot kalwerkopvisse het uit die siedende, rollende waters wild hot en haar gesprings, asof hulle die opeengehoopte opdrifsels van wortel en tak en hout en stomp, wat nou in swart, koffiekleurige maalstrome onverbiddelik voortgeruk word, wou ontsnap.

Sissend en spattend was die dik skuimende voorste strome spoedig verbygesnel en nog neem dit toe in woeste gekraak en nog swel die waters hoër en breër.

Oom Dries en tant Annie moes kort-kort agteruitstaan of die waters spat teen hulle voete aan.

„Ag, Heer!” sug hulle as uit een mond.

Op die groot eiland, waar arme Driesie nou is, is taamluk hoë grond en selfs 'n klipkoppie, maar...

„ag, ag, as hy die gevaar tog net bytyds bemerk,” dink hulle weer.

Elke oomblik sit oom Dries 'n klip kort by die waterkant, maar gou is die klip onder die water bedolwe en moes hy weer 'n ander merk maak. Ook tant Annie hou aan met strepe trek of stokkie steek as merke. Teen hulle beterwete wou hulle probeer om oortuig te wees dat die geweldige rivier nie meer rys nie.

Maar die water het vinnig geklim en eindelijk kon hulle duidelik sien, waar die maan 'n silwerblanke ligstraal tussen die bome deur op die strome werp, dat die waters van die voorste lope reeds bo-oor die naaste eilandjies inmekaarvloei.

In doodsangs beklem, het hulle oor hierdie vreeslike watervlak getuur en getuur en later het tant Annie wanhopend 'n bak om haar mond met die hande gevorm en 'n paar maal hard op Driesie geroep.

Maar tevergeefs; hulle ore het nie eens 'n enkele weerklank van haar droewige geroep onder die gebulder van al die klotsende branding teruggevang nie. In magteloosheid wring sy die hande, strek toe die arms in die smekendste houding na die eiland uit en sê: „Ag, miskien slaap hy nog, kon hy tog maar 'n gewerskoot hoor!”

„Ja, dit miskien,” roep oom Dries haastig uit en snel na sy tent, vanwaar hy gou terugkom met 'n ou voorlaaier, waarin hy telkens groot skote stamp en afskiet.

Maar die onsekerheid druk al swaarder op die ouerharte en die gedagte aan die gevaar, waaraan hulle vlees en bloed nou blootgestel is, hou hulle die ganse nag aan die kant van die wrede waters vasgeboei.

En teen son-op, die volgende môre, staan die ouers nog langs die rivier om duisend glad onuitvoerbare reddingsplanne oor en oor te beraam.

Die waters swel nog steeds hoër. Reeds lyk die hakiesdoring, swartbas, wilger- en ander hoë bome al soos nietige bossies wat in 'n groot egale moddervloer staan.

Die toneel word al indrukwekkender. Groot walle

stort in die diepte en verdwyn oombliklik. Bome word ontwortel en stompe, takke, fluitjiesriet, bosse en hope blare deurmekaar geskarrel en gevleg tot dit op klein eilandjies lyk en so in die magtige boesem van die strome afgevoer word. Dit skyn of die waters worstel om alles te verswelg en dus 'n breër baan te verower en kaal te vee.

Die ouers sidder. Hulle weet dat kort onderkant, by Rooipad, die groot Aughrabies-watervalle is van honderde voete hoog. En die gedagte aan hierdie aaklige afgrond, waar die skrikwekkende stroom oor 'n vertikale rotsblok in 'n donker, kokende gat neerstort, pers trane uit hulle oë.

As Driesie meegesleep word, sal sy liggaam daar vergruis word en nimmer, nimmer sal hulle ooit sy lyk terugvind nie.

Maar reeds bokant die waterval, waar 'n hoë rotslys in die rivier in afskiet, is 'n vreeslike maalstroom. Hier draai die water elke oomblik eers in wye sirkels rond wat egter gou nouer en nouer word met 'n skuimende, tregtervormige gat in die middel, tot dit eindelijk opborrel, opskiet, en dan uitmekaar spat asof dit met die woesste geweld bo-oor die verborge rotsbanke gesmyt word. Reeds hier sal Driesie verbrysel en te pletter geslaan word.

Met doodsbleek gelaat en as aan die grond genael staan tant Annie en luister na die stemme van die kabbelende, tuimelende watermassas en dit is of hulle haar verseker dat Driesie reeds verswelg is en haar ook self saamluk in die ruwe dolle vaart.

Oom Dries staan nou diep in gedagte op die Rhenosterberg, kort bokant langs die rivier, en staar.

„Vrou,” roep hy eindelijk uit, „kom sit nou maar eers in jou kookskerm pie; solank sal ek met die verkyker en ons ou huisspieël daar op die berg, van waar ek op die groot eiland kan sien, gaan klim.”

„Gaan maar gou,” antwoord sy, „en ek sal maar hier bly, want, my oë wegdraai van hierdie water, nee, dit kan ek nie, Dries.”

Die berg is baie steil, maar spoedig was oom Dries só hoog, dat hy ver genoeg na sy sin kon sien. Haastig draai hy die ou lang koperdop-verkyker reg. Maar, helaas, helaas! al die kaalplekke wat tussen die bosse uitkom, blink in die môreson; dis dus alles met water bedek! Hy klim hoër op en kyk weer. Maar nee.... of ja.... nee.... wag! ja, dank die goeie God, daar is die hele klipkoppie nog sigbaar! Dis nou die enigste skuilplekkie. As Driesie tog maar daar is!

Gejaag gryp oom Dries die ou huisspieël met altwee hande en beweeg dit heen en weer. Die son vang die spieël raak en 'n weerkaatsing — 'n groot ronde sonvlek — gly oor die aarde, reg op die eensame ou koppie af. Skaars was oom Dries met hierdie werk besig, of daar skitter af en toe iets op die koppie net soos 'n sterretjie. Die vaderhart klop al vuriger, want oom Dries weet dat die posiesie van die son nou sal toelaat dat van die koppie na die berg ook kan „lig gemaak” word. Weer stuur hy die ligstraal op die koppie af en weer skitter die sterretjie terug. Nog eenmaal en nog eenmaal en altyd met dieselfde gevolg!

„Goddank,” prewel hy nou, „vir daardie heilsboodskap wat die nietige ou sakspieëltjie van my dierbare kind nou vir my dwarsoor die wrede waters bring: Driesie lewe nog op daardie koppie’.”